Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# I IE MARABASTADONLUSTE VAN 28 DESEMBER 1942

R GEYER
DIREKTORAAT DOKUMENTASIEDIENS, SANW

***The Marabastad riot of 28 December 1942 is a fairly unknown topic in the South African history and this article is an attempt to shed more light on it. On the eve of 28 December 1942 a riot broke out among the black municipal workers, living in the Pretoria City Council's compound in Marabastad. The causes of the riot were mainly economical, but political and social motives also played a part in this disturbance. The Department of Labour fixed a minimun wage for unskilled black workers in the Union of South Africa. The Pretoria City Council attempted to evade the Wage Determination and this lead to the riot. The aid of the Union Defence Force was called in on 28 December 1942 to quell the riot. The author discusses the causes of the riot as well as the action of the Union Defence Force. A Commission of Enquiry was appointed to look into the incident and to report on the factors which contributed to the disturbance and the events following it. The findings and recommendations of the Commission of Enquiry are contained in the article.***

## INLEIDING

Die onluste onder die swart munisipale werkers wat op 28 Desember 1942 in Marabastad, wat aan die periferie van die middestad van Pretoria geleë was, uitgebreek het, moet hoofsaaklik aan ekonomiese griewe toegeskryf word.

Die onwilligheid van die stadsraad van Pretoria om 'n loonverhoging, soos deur wetgewing bepaal is, aan sy ontevrede werkers uit te betaal, het tot onluste gelei en die Unieverdedigingsmag (UVM) se hulp is ingeroep om die onluste te onderdruk. Dié optrede van die Verdedigingsmag sou verreikende gevolge inhou en 'n Kommissie van Ondersoek sou aangestel word om die omstandighede rondom die hele voorval te ondersoek en sekere aanbevelings te maak.[1]

Politieke motiewe het tog ook in 'n mindere mate bygedra tot die onluste en daarom moet die gebeurtenis ook gesien word teen die agtergrond van die politieke verdeeldheid onder blankes in die Unie van Suid-Afrika en die verpolitisering van die swartman wat deur die Tweede Wêreldoorlog meegebring is.[2]

Sosio-maatskaplike griewe onder swartmense was egter belangriker as politieke griewe en dié ontevredenheid blyk uit die aantal gereelde stakings wat gedurende die tweede helfte van 1942 voorgekom het, ongeag die feit dat Oorlogsmaatreël 145 van Januarie 1942 swart werkers verbied het om te staak.[3]

Die Marabastadonluste spreek dus die toenemende swart ongelukkigheid in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog en die blanke apatie teenoor swart omstandighede - polities en ekonomies - aan.

## AGTERGROND

Die Marabastadonluste het afgespeel in 'n tydperk van wêreldkonflik, blanke dominasie en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in Suid-Afrika. Die verhouding tussen blank en nie-blank was negatief, hoofsaaklik as gevolg van rasse-diskriminasie en die ekonomiese en sosiale verskille bykans onoorbrugbaar. Te midde van hierdie omstandighede het die swartmense in Suid-Afrika begin om hulle stem dik te maak en het hulle blanke oorheersing begin verwerp. Veral by die stedelike swartmens kon 'n politieke ontwaking waargeneem word.[4]

Swartmense het begin om hul ontevredenheid in 'n reeks stakings en onluste tydens die Tweede Wê-

1. E. Roux, *Time Longer than Rope, A History of the black man's struggle for freedom in South Africa,* p.314.
2. F.A. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot PW Botha, 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika,* pp. 288-289; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p.464.
3. T.R.H. Davenport, *South Africa, A modern History,* p.309.
4. F.A. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot PW Botha,* pp.268, 284-293; E. Roux, *Time Longer than Rope*, p.313.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

reldoorlog te kenne te gee. Die ironie van die saak is daarin geleë dat 'n reeks wette en oorlogsmaatreëls swart arbeiders verbied het om te staak, soos byvoorbeeld Oorlogsmaatreëls 9 en 145 van Januarie 1942, wat stakings as onwettig verklaar het.[5] Hierdie stakings sou 'n nadelige implikasie vir die Suid-Afrikaanse oorlogspoging inhou.[6]

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is 'n wet op oorlogsmaatreëls aangeneem, naamlik Wet no 13 van 1940. Volgens hierdie wet is die Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika gemagtig om oorlogstydse proklamasies uit te vaardig, indien dit nodig sou word om openbare orde te handhaaf en die publiek gedurende die oorlog beveilig moes word. Hy het dus oor die nodige magtiging beskik om Oorlogsmaatreëls 9 en 145 uit te vaardig, want swart onluste en stakings is gesien as 'n bedreiging vir binnelandse orde en die veiligheid van die Suid-Afrikaanse publiek, asook 'n bedreiging vir die oorlogspoging.[7]

Die Verdedigingswet, wet no 13 van 1912, het ook voorsiening gemaak vir die oproep van die UVM vir die voorkoming en onderdrukking van binnelandse onluste.[8] Die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste, wet no 19 van 1930, en die Kriminêle Reg Wysigingwet, no 27 van 1914, het ook voorsiening gemaak vir die opbreek van gespesifiseerde verbode byeenkomste of onwettige vergaderings wat moontlik in massa-onluste kon ontwikkel. Kragtens dié wetgewing kon die Verdedigingsmag se hulp ingeroep word om onluste te onderdruk. Die UVM was dus ook vir binnelandse orde en stabiliteit verantwoordelik en was op 'n gereedheidsgrondslag geplaas om opstande te onderdruk, indien die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) hulp sou benodig.[9]

Daar was dus 'n reeks wette wat stakings onder swart arbeiders verbied het; tog was die omvang van hulle ontevredenheid van so aard dat hulle nie deur die wette gestuit kon word nie. Die arbeiders in diens van die stadsraad van Pretoria het hulle ook nie aan die beperkende wetgewing op die aand van 28 Desember 1942 gesteur nie.

## OORSAKE VAN DIE MARABASTADONLUSTE

Die primêre rede vir die munisipale werkers se onluste op 28 Desember 1942 in Marabastad, was die kwessie oor die verhoging en uitbetaling van lone aan die swart ongeskoolde arbeiders in diens van die stadsraad van Pretoria. Ekonomiese griewe was dus die hoofsaak van die arbeiderontevredenheid gewees.

Nadat verskeie stakings in 1941 voorgekom het, het die Departement van Arbeid besluit om ondersoek in te stel na die loonomstandighede van ongeskoolde swart arbeiders in die industrieë. Daar was nie 'n minumun loon vir ongeskoolde swart arbeiders vasgestel nie en gevolglik het die lone van swart arbeiders gewissel. In dieselfde jaar is 'n kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer, waarvolgens die Minister van Arbeid, W.B. Madeley, die Loonraad opdrag gegee het om ondersoek in te stel na die lone van ongeskoolde swart arbeiders. Hierdie ondersoek het onder die Loonwet, no 44 van 1937, geskied en alle belangstellendes is genooi om kommentaar op die onderwerp te lewer.[10]

'n Voorlopige verslag is in 1942 gepubliseer en nadat kritiek daarop ontvang is, het die Loonraad die finale verslag voorberei. Die finale Loonvasstellingswet (no 105) is dan ook op 6 November 1942 in die Staatskoerant gepubliseer. Volgens die Loonvasstellingswet is die lone van ongeskoolde swart arbeiders vasgestel op 'n minimum van twee sjielings en ses pennies per dag. In terme van die vasstelling is die munisipaliteite van die Witwatersrand en Pretoria ingesluit in so verre dit die loonverhoging van ongeskoolde swart arbeiders betref. Die Loonvasstellingwet het op 30 November 1942 in werking getree.

Onmiddellik nadat die loonvasstelling bekend geword het, het ontevrede munisipaliteite vertoë aan die Minister van Arbeid gerig om die vasstelling uit te stel, op grond daarvan dat die munisipaliteite nie oor voldoende fondse beskik het om die verhoging aan hulle arbeiders uit te betaal nie. Die stadsrade wou graag uitstel tot die einde van hul finansiële jaar, 30 Junie 1943, gehad het.[11]

Die onderskeie munisipaliteite het in werklikheid, alhoewel hulle bewus was van die feit dat daar 'n moontlike loonverhoging in die vooruitsig gestel is, nie daarvoor voorsiening gemaak in hulle begrotings nie. Baie van die stadsrade het alreeds oor oortrokke rekenings beskik en dit sou dus moeilik

5 T.R.H. Davenport, *South Africa, A modern History,* p.309.
6 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, War Measures Act 9 of 1942, *Rand Daily Mail,* 1942-12-19.
7 Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1940-1941 met tabelle, inhoud en wette herroep of gewysig. Kaapstad 1941; Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, *Rand Daily Mail* 1942-11-25.
8 Hersiene wette van die Unie van Suid-Afrika, Deel 1, 1910-1912. Pretoria, 1935.
9 Staatsargief, Pretoria: Argiewe van die Departement van Naturelle Sake (NTS), Houer 169/332 7681.
10 E. Hellmann, (ed.), *Handbook on Race Relations in South Africa,* p.110; Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW Argief): Adjudant Generaal Groep 2 (AG(2)), Houer 75, Leêr 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
11 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

wees en ook 'n verleentheid skep om die nodige fondse op te diep.[12]

Die munisipaliteit van Pretoria het egter, volgens die stadstesourier, alreeds gedeeltelik (45%) in hulle begroting vir die moontlike loonverhoging voorsiening gemaak.[13] Hulle het dus oor geen grondige rede beskik om uitstel te vra nie. Hulle kon met min moeite aan die loonvasstelling voldoen, maar het verkies om hulle by die ander stadsrade, in 'n poging om 'n verenigde front by die minister voor te hou, te skaar.

Die munisipaliteite wou dus ten alle koste, soos in die woorde van J.D. Mitchell, die burgemeester van Brakpan, die "*evil day of payment*," uitstel.[14] Alhoewel hulle besef het dat die lone onvoldoende was om in die totale behoeftes van die swart arbeiders te voorsien, was hulle oortuig daarvan dat hulle die arbeiders beter behandel en meer vir hulle doen as ander maatskappye. Hulle het geglo dat 'n loonverhoging gedurende die oorlogsjare onnodig was, want die munisipalteite het self die verhoogde lewenskoste, wat deur die oorlog meegebring is, gedra. 'n Verhoging in die lone van swart arbeiders sou net 'n addisionele finansiële las meebring.

Die munisipaliteit van Pretoria het in November 1942 offisieël aansoek gedoen by die Minister van Arbeid om vrystelling van die loonvasstelling. Madeley het oorweeg om aan hulle tydelike vrystelling tot 1 April 1943 toe te staan, op voorwaarde dat die loonvasstelling terugbetaalbaar is tot 1 Julie 1942.[15]

Madeley is ernstig deur vakbonde, wat die swart arbeiders verteenwoordig het en ook ander persone wat graag die Loonvasstellingswet in werking wou sien, gekritiseer. Hulle het hom versoek om sy voorneme om vrystelling aan munisipaliteite toe te staan, te laat vaar.

Die gewilligheid van die Minister van Arbeid om aan die munisipaliteite se versoeke om uitstel te voldoen, het gelei tot ernstige ontevredenheid by swart munisipale arbeiders, wat gemanifesteer het in stakings en onluste, soos in die geval van Johannesburg in November en begin Desember 1942. Die gevolg van die staking was dat die munisipaliteit van Johannesburg gedwing is om sy werkers die hoër lone in ooreenstemming met die Loonvasstellingswet te betaal, in 'n poging om verdere oproer en stakings te verhoed.

Hierdie optrede sou belangrike gevolge inhou vir die ander munisipaliteite in die Witwatersrand en Pretoria-omgewing. Veral Pretoria sou baie nadelig deur hierdie besluit van die stadsraad van Johannesburg geraak word.

Na hierdie onluste het die Minister van Arbeid meteens sy voorneme om vrystelling toe te staan, teruggetrek op grond daarvan dat die munisipaliteite na bewering 'n wanvoorstelling ten opsigte van hulle finansiële posisies aan hom voorgehou het. Die minister was van mening dat as die stadsraad van Johannesburg aan die loonvasstelling kon voldoen, die ander dit ook kon doen. Madeley het nie die feit dat die stadsraad van Johannseburg oor meer geld as die ander stadsrade beskik het, in ag geneem nie. Al die stadsrade moes vanaf 30 November 1942 lone volgens die nuwe skaal aan hulle arbeiders uitbetaal.

Die munisipaliteite was na hierdie onverwagse besluit van die minister oortuig dat die stadsraad van Johannesburg hulle in die steek gelaat het en het voortgegaan met hulle poging om uitstel ten opsigte van die loonverhoging te verkry. Hulle standpunt was dat plaaslike regerings nie by die wet ingesluit moes word nie omdat hulle nie groot winsgewende maatskappye was nie. Hulle wou self oor loonverhogings besluit en wou nie deur wetgewing daartoe gedwing word nie.[16]

Nadat die stadsraad van Johannesburg die loonverhogings toegestaan het, het die stadsraad van Pretoria 'n skriftelike versoek om uitstel aan die Minister van Arbeid voorgelê. Hulle het selfs beplan om die saak met J.C. Smuts, die Eerste Minister, te bespreek.[17] Alhoewel hulle oor fondse beskik het om die verhoging gedeeltelik te betaal, wou hulle dit eerder oor 'n aantal jare versprei. Volgens hulle was dit te veel geld om op een slag te betaal.[18] Die Departement van Arbeid het egter onsimpatiek teenoor die versoek gestaan en dit op 19 Desember 1942 afgekeur. Die stadsraad van Pretoria moes noodgedwonge die wet gehoorsaam en het op 22 Desember 1942 vergader om die betaling volgens die loonvasstelling te bespreek en te finaliseer.

Daar was egter, volgens die stadsraad van Pretoria, praktiese probleme met die bepaling van die agterstallige gelde en die uitbetaling van die verhoogde lone betrokke. [19] Die loonverhoging het onder andere probleme van administratiewe aard asook vervoerprobleme meegebring. Die munisipale

12 SANW Argief: AG(2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
13 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
14 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
15 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, Wage determination, Minister agrees to consider exemptions, *Rand Daily Mail* 1942-11-25; *Pretoria News* 1942-12-29.
16 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
17 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, *Pretoria News,* 1942-12-29.
18 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
19 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

werkers was oor 'n groot area versprei en moes op die terrein waar hulle gewerk het, betaal word. Die stadsraad van Pretoria het oor min betaalvoertuie beskik en gevolglik sou die lone nie altyd betyds aan die arbeiders uitbetaal word nie. Die betalingsproses, volgens 'n ponskaartstelsel, sou baie tyd in beslag neem en die oorskakeling van maandelikse na weeklikse betaling sou ook probleme en 'n addisionele werkslas skep.[20] Die swart arbeiders sou dus nie onmiddellik hulle verhogings ontvang nie.

Die Loonraad het ook nooit in ag geneem dat arbeiders wat hoër lone as die minimumskaal betaal is, se salarisse ook aangepas moes word om ongelukkigheid te vermy nie. Nuwelinge kon beslis nie meer as ou hande betaal word nie. Die stadsraad moes dus meer fondse aan lone bestee as wat deur die Loonraad in die Loonvasstellingswet bepaal is. Hierdie was een van die hoofredes waarom die stadsraad 'n versoek om uitstel aan die Minister van Arbeid gerig het.

Die ironie van die saak blyk te wees dat klerke in diens van die stadsraad van Pretoria, reeds in November 1942 opdrag ontvang het om die loonkaarte van swart arbeiders in orde te kry volgens die hoër loonskale. Die meeste werk was dus reeds teen die einde van November 1942 voltooi en dit sou weinig aanpassing geverg het om die lone volgens die nuwe skaal uit te betaal.

Die feit bly egter staan dat die verhoging van ongeskoolde swart arbeiders se lone reeds lankal nodig was. Die hoofrede vir die onluste wat op die aand van 28 Desember 1942 uitgebreek het, was dus ekonomies van aard en die stadsraad se pogings om die loonvasstelling te ontduik het gelei tot grootskaalse ontevredenheid onder die swart munisipale werkers. Hulle het dan ook aan hulle ongelukkigheid uiting gegee in die vorm van onluste, soos in die geval van Johannesburg. Hierdie oproer met sy meegaande sukses was 'n bydraende oorsaak tot die gees van onrus wat onder die munisipale werkers van Pretoria geheers het.[21]

Die loonvasstelling het ook voorsiening gemaak vir die aftrekking van etes en losies van swart arbeiders se lone. Voor die loonvasstelling was losies in hul lone ingesluit en geen aftrekkings het voorgekom nie. Hierdie aangeleentheid het ernstige ongelukkigheid veroorsaak en dit het tot kritiek teen die kos en toestande in die kampong gelei.

Die grootste rede vir die onluste op 28 Desember 1942 was die werkers se ongelukkigheid en ongeduld omdat hulle so lank moes wag vir hulle verhoogde lone om uitbetaal te word. Die swart arbeiders het geen vertroue meer in die munisipaliteit gehad nie, want hulle het nie hul vroeëre en gereelde vae beloftes van verhoogde lone nagekom nie.

Die gereelde herhaling van die boodskap van hoër lone deur verskillende persone het ook tot agterdog by sommige swart arbeiders gelei en hulle was oortuig dat die stadsraad hulle probeer bluf het. Hulle was tog ook angstig dat die stadsraad moontlik daarin kon slaag om die regering te oortuig om die loonvasstelling op te hef in so verre dit Pretoria aangaan. Die arbeiders was gefrustreerd met die hele situasie en hierdie frustrasie het tot geweld en UVM-ingryping op die aand van 28 Desember 1942 gelei.[22]

Die oorsake van die Marabastadonluste het egter nie net oor loonontevredenheid gehandel nie. Sosiomaatskaplike en politieke griewe het 'n bydraende rol gespeel in die munisipale werkers se onluste van 28 Desember 1942. Die kwessie van verteenwoordiging in die Naturelle Advieskomitee en swart vakbonde wat die swart arbeiders kon verteenwoordig was ook 'n oorsaak van die onluste.

*"In this country some of the most tragic disputes could have been settled if the right people had acted in time, even before the disputes actually developed."*[23]

Hierdie woorde van E.S. Sacks dui op die gebrek aan verteenwoordiging van swartmense in blanke organisasies wat oor hulle moet besluit, asook 'n gebrek aan swart organisasies wat swart arbeiders verteenwoordig, soos vakbonde.

'n Belangrike oorsaak van die Marabastadonluste was juis die gebrek aan direkte verteenwoordiging van die munisipale werkers in die stadsraad van Pretoria. Daar het geen of bitter min kommunikasie tussen werkgewer en werknemer plaasgevind en sodoende kon konsiliasie oor die loongeskil nooit verkry word nie.

Die stadsraad se superintendente en naturellekommissarisse wat gewoonlik met die arbeiders moes onderhandel, was juis die persone wat ook die wette op die swartmense moes afdwing. Volgens H.M. Basner [24] het die arbeiders die amptenare dus geïdentifiseer met die swak omstandighede waarin die swartmense moes leef. Basner

20 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
21 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
22 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court Of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
23 Woorde van E.S. Sacks, destydse algemene sekretaris van die Klerewerkersvakbond soos aangehaal uit SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
24 H.M. Basner - destydse senator wat die swartmense in Transvaal en in die Oranje-Vrystaat verteenwoordig het, soos aangehaal uit SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

was ook van mening dat die swartmense dit moeilik gevind om tussen die amptenare se privaat - dikwels goeie - en amptelike - waar hulle wette moes afdwing - hoedanighede te onderskei.[25]

Alle vroeëre pogings van die kampongbestuurder en superintendent om verbeterings aan te bring het misluk. Hulle het beter voedsel, beroking van die kampong en verbeterings aan die geboue bepleit. Daar was egter óf geen geld óf geen belangstelling van blanke kant op die stadsraad om die verbeterings aan te bring nie. Die houding word duidelik weerspieël in die woorde van een van die stadsraadlede met betrekking tot die verhoging van swart lone: *"In comparison with the poor whites- more than enough "* [geld].[26]

Swart munisipale werkers wat in die kampong te Marabastad woonagtig was, het geen verteenwoordiging in die Naturelle Advieskomitee gehad nie. Hulle het dus oor geen kanaal beskik om hulle griewe te lig of insae te hê oor sake wat hulle raak, behalwe deur die blanke kampongbestuurder nie. Slegs persone wat in die swart lokasies woonagtig was en nie in die diens van die stadraad was nie, kon tot die Naturelle Advieskomitee verkies word. Hulle het stemreg in die komitee gehad, terwyl die kampongbewoners geen stem gehad het nie.

Die redes waarom munisipale werkers nie in die Naturelle Advieskomitee kon dien nie was tweeledig. Eerstens was die stadsraad nie geneë met die idee dat hulle werkers hulle uitsprake kon bevraagteken nie. Tweedens was die werknemers bang gewees om hul base te kritiseer en kon die arbeiders in elk geval nie behoorlik verteenwoordig word nie. Die arbeiders in die kampong het ook niemand aangestel om hulle griewe aan die bestuurder voor te lê nie.[27]

Swart vakbonde, wat die arbeiders kon verteenwoordig, is destyds nie deur die wet erken nie. Swart werkers sou baie groter mag gehad het om te onderhandel oor sake wat hulle raak, as vakbonde erken is. A.A. Sehloho, 'n lid van die Naturelle Advieskomitee, was van mening dat baie van die moeilikheid op 28 Desember 1942 vermy kon word as die arbeiders beter verteenwoordig was en dispute deur middel van vakbonde opgelos kon word.[28]

Volgens Sehloho was die doel van vakbonde juis om arbeiders te organiseer, sodat hulle beter lone en werksomstandighede kon beding. Só kan die verhouding tussen werkgewers en werknemers gereguleer word en die belange van die werkers beter beskerm word. As vakbonde dus aan die Pretoria munisipale werkers die kwessie van die loonvasstelling kon verduidelik het, kon die onluste van 28 Desember 1942 dalk verhoed geword het. Die werkers sou volledig deur persone waarop hulle kon vertrou, ingelig gewees het. Die destydse regering wou egter nie aan die swart arbeiders bedingingsmag in die vorm van vakbonde gee nie. Politieke griewe het dus ook 'n belangrike rol gespeel in die uitbreek van die onluste in Marabastad onder die munisipale werkers.

Diskriminerende en onregverdige wette, soos die paswette, het ook tot ontevredenheid gelei. Oorlogsmaatreël 145, wat stakings deur swart arbeiders verbied het, het juis gelei tot stakings en dit nie verhoed nie. Die swart arbeiders het hul ontevredenheid met die verbod op stakings te kenne gegee deur te staak. Hulle het dus gestaak om protes aan te teken teen Oorlogsmaatreël 145 en teen wetgewing wat hulle verhoed het om hul ontevredenheid en griewe te lig.

Verdere griewe van die swart arbeiders was van 'n sosio-maatskaplike aard en het gehandel oor die toestande in die Marabastad munisipale werkerskampong.

Die omstandighede in die kampong was definitief nie gunstig gewees nie. Kosgriewe was van die algemeenste gewees en swart inwoners het veral kapsie gemaak teen die gebruik van geelmieliemeel in plaas van die witmeel waaraan hulle gewoond was. Hulle het nie besef dat die oorlog 'n skaarste in witmeel veroorsaak het nie, want hulle was nie goed verteenwoordig in die Naturelle Advieskomitee en vakbonde nie en gevolglik goed ingelig nie.

Die ongelukkigheid oor die kos was duidelik sigbaar in die feit dat veral die kombuisvensters gebreek is tydens die onluste. Die slaghuis was ook in 'n swak toestand en het nie gaas voor die deure en vensters gehad om die vlieë uit te hou nie. Die maaltye wat vir hulle voorberei is, was ook ongebalanseerd en die inwoners moes dikwels kos ten duurste by kleinhandelaars koop om hulle dieet aan te vul.

Die kampong was oorvol en enkelkamers moes gedeel word. Daar was ook geen kaste om hul besittings in toe te sluit nie en dit het tot diefstal aanleiding gegee. Die sinkhutte het ook geweldig warm geword in die somermaande. Al hierdie griewe oor die woontoestande het bygedra tot die ontevredeheid van die swart arbeiders en uiteindelik tot die onluste op 28 Desember 1942.[29]

25 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
26 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
27 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
28 E. Hellmann, *Handbook on Race Relations in South Africa,* p.166; SANW Argief: AG (2) Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Roit: Marabastad Location Municipal Natives; SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
29 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Daar het ook geen regulasies bestaan vir die interne beheer van die kampong nie. Nóg die bestuurder nóg die inwoners het geweet wat hulle mag en nie mag nie. Dit het gelei tot chaos en ontevredenheid binne die kampong.

Die kampongbewoners was ook uiters ongelukkig omdat daar gepoog is om hulle te verhoed om hulle tradisionele oorlogsdanse uit te voer. Hulle is verbied om hulle dromme te slaan tydens hierdie danse, want die blanke inwoners van Pretoria-Wes het hewig protes aangeteken teen die lawaai wat die dromme veroorsaak het. Hierdie danse was deel van hulle kultuur en bykans die enigste sosiale aktiwiteit wat hulle beoefen het.

Die oorlogsdanse is volgens die kampongbestuurder nie heeltemal verbied nie, maar daar was voorwaardes verbonde aan die slaan van die dromme en hulle mag slegs op sekere tye gedans het. Hierdie reëlings was onaanvaarbaar vir die dansers gewees. Die oorlogsdansers het ook alle aanbiedinge om elders te dans verwerp, want volgens hulle was hulle bang vir die bende-elemente "*amalaitas*" wat hulle moontlik kon aanval. Die gevolg was dat die dansers self die danse gestaak het.[30]

Die feit dat die blanke inwoners van Pretoria-Wes eers in die oorlogsjare begin kla het oor die oorlogsdanse van die kampongbewoners dui op die verandering van blanke gesindhede teenoor die swartmense in Suid-Afrika gedurende die oorlogsjare. Die tydsgees het dus verander.

Afrikaner-nasionalisme het op die voorgrond geskuif en die blanke inwoners van Pretoria-Wes ook beïnvloed, sodat hulle bedreig begin voel het deur die swart inwoners van Marabastad. Die swartmense het ook verpolitiseerd begin raak deur die toedoen van die Tweede Wêreldoorlog. Hulle wou soos die swartmense in die buiteland ook beter behandeling hê. Die Tweede Wêreldoorlog het vir die swartmense van Suid-Afrika en dwars oor die wêreld 'n "*peoples war*"[31] geword en nie meer 'n militêre stryd nie.

Die blanke belastingbetalers van Pretoria-Wes was sterk ten gunste van segregasie en het die verskuiwing van die hele swart woongebied bepleit ter wille van blanke beveiliging. Hierdie negatiewe gevoelens van blank teenoor swart en *vice versa* kan duidelik gesien word in die toenemende aantal aanvalle op swart- en witmense in Pretoria-Wes gedurende die maande voor die uitbreek van die onluste op die aand van 28 Desember 1942.

Sommige blanke persone wat op die stadsraad gedien het, was nie ten gunste van hoër lone vir die swart arbeiders nie. Hulle was apaties teenoor die swartmense se welstand as geheel en dit het die verhoudinge tussen blank en swart verder vertroebel. Hierdie negatiewe gevoelens tussen blank en swart het bygedra tot die onlussituasie in Marabastad.

Die ongewildheid van die superintendent van lokasies, J.S. Hardy, het ook 'n rol gespeel in die uitbreek van die onluste. Die diktatoriale wyse waarop hy opgetree het, was 'n bron van grootskaalse ontevredenheid by die munisipale werkers en ook ander swartmense gewees. Hy was veral ongewild as gevolg van die verskuiwings van Marabastad na Atteridgeville. Hardy was verantwoordelik vir die toekenning van huise in Atteridgeville aan die persone wat vanaf Marabastad daarheen verskuif is. Baie van die persone se huise in Marabastad is gesloop en Hardy het nagelaat om aan hulle huise in Atteridgeville aan te wys. Hierdie persone moes dan elders heenkome soek. In die oë van die swartmense was Hardy onbetroubaar.[32]

Die onluste van 28 Desember 1942 het afgespeel tydens die verskuiwings van swartmense vanaf Marabastad na Atteridgeville. Die blanke inwoners van Pretoria-Wes het segregasie voorgestaan en dit was die rede vir hierdie verskuiwings. Die hele kwessie van die Marabastad verskuiwings en die onvoldoende behuising in Atteridgeville het swart ontevredenheid aangevuur. Die swartmense was ook ver van hulle werkplek en die reisfooie was nie in ooreenstemming met hulle lone nie. Hardy se ongenaakbare optrede tydens hierdie verskuiwings het hulle houding verder laat verhard. Die persoon wat hulle juis moes verteenwoordig en na hulle griewe en belange moes omsien, het onsimpatiek teenoor hulle gestaan.

'n SAP-klopjag, 'n paar dae voor Kersfees 1942, om onwettige alkohol in Atteridgeville op te spoor, het ook die gemoedere van die swartmense laat opvlam. Dit was destyds onwettig vir swartmense om alkohol in hulle besit te hê. Hardy het hulle beloof dat hulle nie vervolg sou word indien hulle bier vir die Kersvieringe stook nie. Dit was duidelik dat hy nie sy woord gehou het nie, want hy moes magtiging aan die SAP om 'n klopjag in die lokasie uit te voer, verleen. Talle van die kampongbewoners se vrouens was woonagtig in Atteridgeville en hulle vervolging deur die polisie het ook aanleiding gegee tot ontevredenheid.[33] Dit is duidelik dat die swartmense se ontevredenheid met Hardy nog 'n oorsaak was van die onluste in Marabastad.

Sosio-ekonomiese, maatskaplike en politieke griewe het dus aanleiding gegee tot die onluste

30 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
31 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
32 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
33 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

onder die swart munisipale werkers in Marabastad op die aand van 28 Desember 1942.

## ONMIDDELLIKE OORSAKE VAN DIE ONLUSTE.

Die onmiddellike oorsaak van die onluste het gespruit uit die vergadering wat op die 28 Desember 1942 in die kampong gehou is.

Die swart munisipale werkers, wat in die kampong te Marabastad woonagtig was, is om 19:00 byeengeroep deur die kampongbestuurder, F.J. Botes, sodat Hardy hulle kan toespreek oor die agterstallige lone wat aan hulle uitbetaal gaan word. Ongeveer 1500-2000 munisipale arbeiders het hierdie vergadering bygewoon. Hardy, die superintendent van lokasies, het egter nie om 19:00 opgedaag nie en Botes het besluit om die arbeiders, wat geïrriteerd was omdat hulle moes wag, in te lig dat die munisipaliteit besluit het om aan hulle hoër lone soos deur die Loonraad besluit, te betaal.

Hardy het om 19:30 gearriveer en geëis dat 'n tweede vergadering byeengeroep moet word, sodat hy self die nuus aan die arbeiders kon oordra. Teen dié tyd was die arbeiders uiters onrustig gewees en ondanks waarskuwings van Botes en 'n swart munisipale polisieman dat die werkers agter sy bloed aan is, het Hardy aangedring om met die tweede vergadering voort te gaan.[34] Dit was 'n oordeelsfout van Hardy en sou lei tot onluste en die uiteindelike ingryping deur die UVM.

Die vergadering was ook swak georganiseer en het nie die vorm aangeneem waaraan die arbeiders gewoond was nie. Dit het tot verdere onrustigheid gelei. Hardy se toespraak was dieselfde as dié van Botes en hy het hulle meegedeel dat hulle geld vanaf 30 November 1942 terugbetaalbaar was. Hy het ook die stadsraad as 'n eerbare en betroubare firma voorgehou deur die woorde: "*The municipality is not a Jew to change his word at the end of the month.*"[35] Dit het die vure van onrus verder aangeblaas.

Die toespraak is deur tolke in drie swart tale naamlik, Zoeloe, Sotho en Shangaan vertaal en dit blyk dat die tolke net dit wat vir hulle verstaanbaar was, vertaal het. Dit het verwarring en misverstande oor die datum van uitbetaling meegebring en baie werkers was onder die indruk dat hulle eers in November 1943 en nie vanaf November 1942 betaal gaan word nie.

Tydens Hardy se toespraak het die werkers se ontevredenheid oor hulle griewe tot uitbarsting gekom. Daar het grootskaalse rumoer uitgebreek en Hardy het opdrag gegee dat 'n fluitjie geblaas moes word om hulle tot orde te bring. Die fluitjie het egter die teenoorgestelde uitwerking gehad en Botes het besef dat die situasie hand-uit gaan ruk. Die arbeiders het "*tshaia*", wat slaan of breek beteken, begin skree. Botes, Hardy en die swart munisipale polisie het na buite gevlug, terwyl die arbeiders hulle en die munisipalegeboue met klippe begin bestook het.[36] Botes en Hardy het daarin geslaag om te vlug en het die SAP in Marabastad van die onrussituasie verwittig en hulle het hul na die toneel gehaas. 'n Bewering is ook gemaak dat 'n swart munisipale polisieman een van die werkers met 'n sambok geslaan het tydens die fatale vergadering op 28 Desember 1942. Dit kon waarskynlik aanleiding tot groter oproer onder die arbeiders gegee het.

Die onluste het spontaan uitgebreek as gevolg van massa reaksie op die toespraak van Hardy en die swart arbeiders het geweldige skade aan die munisipale geboue en hulle onmiddellike omgewing begin aanrig. Algemene ontevredenheid onder swart munisipale werkers het uiteindelik tot 'n onrussituasie gelei wat deur die geweldadige ingryping van die weermag onderdruk is.

Alhoewel die arbeiders 'n sterk negatiewe gevoel teenoor blankes en die stadsraad gekoester het, het die ongeveer 1 500-2 000 oproeriges nie gepoog om die blanke inwoners in hulle onmiddellike omgewing, dit wil sê, Pretoria-Wes, aan te val nie. Hulle het nogtans 'n vyandige houding ingeneem en klippe na verbygaande motors en naburige huise geslinger.[37]

Enkele privaat persone en polisiemanne is egter tydens die onrussituasie beseer toe daar gepoog is om die oproeriges onder beheer te bring. Traangas is ook deur die SAP op die toneel aangewend maar dit het geen effek op die oproeriges gehad nie. Die situasie het dus ook die potensiaal gehad om in 'n geweldadige opstand te ontaard. Dit het egter nooit so vêr gegaan nie.

## WEERMAGBETROKKENHEID EN OPTREDE.

### AGTERGROND EN WETGEWING.

Die onluste onder die swart munisipale werkers in Marabastad was van so aard dat die klein groepie SAP-lede (ongeveer agt) wat die opstand moes onderdruk, probleme ondervind het (soos 'n tekort aan vuurwapens) en nie instaat was om die opdrag

34 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
35 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
36 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
37 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

uit te voer nie. Volgens die SAP het die massa oproermakers 'n gevaarlike situasie geskep wat vinnige en doeltreffende optrede vereis het.

Militêre hulp sou op 28 Desember 1942 ingeroep word om die onluste onder die swart munisipale werkers in Marabastad, Pretoria, te onderdruk. Die vraag kan gevra word of die UVM se betrokkenheid tydig en geoorloof was in die spesifieke situasie? Die vraag sal nou beantwoord word.

Die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste, wet no 19 van 1930, en die Kriminêle Reg Wysigingwet, no 27 van 1914, maak voorsiening vir die opbreek van gespesifiseerde verbode byeenkomste of onwettige vergaderings met 'n oproerige karakter deur die UVM.[38] Die Verdedigingswet, wet no 13 van 1912, maak ook voorsiening vir die oproep van troepe vir die voorkoming en onderdrukking van binnelandse onluste.[39] Die hulp van die UVM kon dus ingeroep word om die onluste te onderdruk. Oorlogsmaatreëls het swart arbeiders verbied om te staak en aan onluste deel te neem en daarom was hierdie onluste van die swart munisipale werkers van Marabastad onwettig. Die gemeenregtelike ingryping van die weermag was dus geoorloof.

Die bogenoemde wette het bepaal dat wanneer militêre ingryping nodig word, moet 'n polisie-offisier in bevel van die situasie wees en hy moet beheer oor die skietery uitoefen indien dit nodig sou wees om te vuur. Vuurwapens mag slegs as laaste uitweg aangewend word en dan ook net op sekere voorwaardes. Die samedrommers moes eers nadat alle ander pogings om hulle uiteen te laat gaan misluk het, gewaarsku word dat daar op hulle gevuur gaan word. Soldate moes direk op die oproeriges skiet en nie oor hulle koppe vuur nie. Hulle mag slegs oor die koppe van die oproeriges vuur as hulle, hul vergewis het waarheen die koeëls sou trek. Hierdie was 'n veiligheidsmaatreël om te verhoed dat onskuldige persone beseer of gedood word. Slegs die offisier in bevel mag in 'n onlussituasie die bevel gegee het om te vuur.

Die Handboek van Militêre Reg wat in 1929 uitgegee is, het ook voorsiening gemaak daarvoor dat 'n siviele persoon die UVM se hulp kon inroep om met 'n gevaarlike situasie te handel. Die bevelvoerder van 'n eenheid wat genader word om met 'n onlussituasie te handel, moet in só 'n geval op sy eie oordeelsvermoë staatmaak. Hy moet besluit of die situasie van so 'n aard is dat militêre-ingryping genoodsaak en geoorloof is. Hy moet ook besluit of die situasie die bevel om te vuur veroorloof.[40]

Die UVM het dus volgens die bestaande wetgewing en regulasies die reg gehad om betrokke te raak by die onlussituasie, maar of hulle oor die reg beskik het om op die arbeiders te vuur is twyfelagtig. Die vraag kan dus met reg gevra word: Was die onluste van so 'n aard dat dit skietery van weermagkant af geoorloof het?

## GEBEURE OP 28 DESEMBER 1942 - WEERMAGOPTREDE

Dit was vir baie van die polisiemanne op die aand van 28 Desember 1942 duidelik dat die situasie baie ernstig en buite hulle beheer was. Hulle sou die onluste nie met slegs die enkele (ongeveer agt) polisiemanne tot hulle beskikking kon onderdruk nie. Die polisie en die blanke inwoners van Pretoria-Wes, wat op die toneel was, was bevrees dat van die oproeriges kon wegbreek, die stad invaar en ernstige skade aanrig. Die situasie het dus gevaarlik daar uitgesien en dit het geblyk of dit enige oomblik hand-uit kon ruk.

Die SAP van Marabastad wat op die toneel aanwesig was, het luitenant F. Kirchman, 'n militêre polisieman wat op die toneel was, versoek om pantserkarre en twee troepedraers vanaf die UVM se Noordelike Kommandement te Voortrekkerhoogte aan te vra.

'n Tweede lid van die Militêre polisie het die versoek mondeling aan die diensoffisier van die Noordelike Kommandement oorgedra. Laasgenoemde het die boodskap geverifieer deur 'n telefoonoproep na die Sentrale Polisiestasie in Pretoria te maak.

Majoor E.L. Smithers, die veldsekerheidsoffisier van Noordelike Kommandement, het die saak verder gevoer en die offisier in bevel van 31 Pantserkar Kommando op die aand van 28 Desember 1942, luitenant W.P. Power, beveel om op bystand te wees totdat hy verdere bevele ontvang. Smithers het ook om 21:10 twee troepedraervoertuie na die Sentrale Polisiestasie gestuur.[41]

Smithers het met majoor T.K.C. McClelland, 'n stafoffisier van Noordelike Kommandement, in verbinding getree in verband met die instruksies rakende die afstuur van pantserkarre na die Sentrale Polisiekantoor en dié het die bevelvoerder van Noordelike Kommandement, kolonel I.V. Swemmer, ingelig rakende die situasie en versoek.

Kolonel Swemmer het die versoek na die Bevelvoerende Generaal Binnelandse Gebied, generaal-

38 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

39 Hersiene wette van die Unie van Suid-Afrika, Deel 1, 1910-1912. Pretoria, 1935.

40 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

41 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives; SANW Argief: War Diaries (vol 1), Houer 69c, 31 Armd Commando.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

majoor G.E. Brink verwys en hy het sonder huiwering beveel dat twee pantserkarre onmiddellik na die Sentrale Polisiekantoor gestuur moet word. Hy het ook beveel dat 'n polisie-offisier in bevel van elke kar geplaas moet word. Die polisie sou dus in beheer wees en die UVM mag slegs skiet op bevel van die SAP. Dit was 'n siviele en nie militêre opstand nie en daarom was die polisie in beheer.[42]

Majoor Smithers het 'n skriftelike opdrag aan luitenant Power, van 31 Pantserkar Kommando, oorhandig en drie pantserkarre, strydig met die bevel van generaal-majoor Brink, het om 21:45 op die aand van 28 Desember 1942 na die Sentrale Polisiestasie Pretoria, vertrek.[43]

Die diensoffisier van die SAP is ook telefonies deur Noordelike Kommandement in kennis gestel van die vertrek van die pantserkarre en ook van die bevele wat die bemanning van die pantserkarre ontvang het.

Intussen het 'n spesiale polisiekonstabel, C.J. van der Watt, onbewus van die versoek wat alreeds aan Noordelike Kommandement gerig is, op eie inisiatief besluit om militêre hulp in te roep. Hy het na die skouterrein, waar die Sentrale Leër Oorgangsdepot (SLOD) gestasioneer was, gegaan met die versoek dat ongeveer 'n 100 troepe beskikbaar gestel word om die opstand in Pretoria-Wes te help onderdruk. Hy het aan sersant-majoor F.C. Robinson van die SLOD te kenne gegee dat die versterkings nodig was omdat hy van mening was dat die swartmense dalk blankes in die omgewing kon aanval.[44]

Nog 'n siviele persoon, W.P. Grobbelaar, het dieselfde versoek aan die SLOD gerig, maar reeds nadat Van der Watt hulle ingelig het oor die situasie.

Sersant-majoor Robinson het onmiddellik (21:30) die sekerheidsoffisier, majoor D.F. Duthie, ingelig oor die versoek en hy het bevel gegee dat die Oorplasings en Klassifikasie Vleuel "Transfer and Classification Wing" (Regtervleuel) moet inval.[45]

Majoor E.W. Reeves, tweede-in-bevel van die SLOD, het intussen bewus geword van die gebeure en het beheer van die situasie geneem. As offisier in bevel op die aand van 28 Desember 1942 moes Reeves die inisiatief neem. Hy kon nie die oproep om hulp ignoreer nie, want die UVM was ingevolge die reedsgenoemde wetgewing op gereedheidsgrondslag geplaas om binnelandse onrus te help bekamp.

Majoor Reeves was onseker oor die egtheid van Van der Watt se boodskap en het daarom vir Van der Watt onder observasie geplaas en hom aangesê om hulle na die onlustoneel toe te vergesel. Reeves kon die boodskap op geen ander manier verifieer as om self na die toneel te gaan en die erns van die situasie vas te stel nie, aangesien die SLOD kamp nie oor telefone beskik het nie.


Ongeveer 80 manskappe is uitgereik met .303-diensgewere. Die ammunisie sou eers op die onlustoneel aan hulle uitgedeel word. Die offisiere en sersant-majoor Robinson het slegs hulle rewolwers by hulle gehad. Die offisiere en troepe van die SLOD het met twee van die eenheid se troepedraers na die onrustoneel vertrek en het aan die westekant van die munisipale werkerskampong in Marabastad gearriveer. Die polisie was op daardie stadium aan die oostekant van die kampong en het dus nie van die teenwoordigheid van die SLOD geweet nie. Hulle het wel op die aankoms van die pantserkarre vanaf die Sentrale Polisiestasie gewag.

Daar is aan elkeen van die soldate tien rondtes ammunisie op bevel van majoor Reeves en majoor Duthie uitgedeel.[46] Majoor Reeves het hulle ook beveel om onder geen omstandighede te begin skiet voordat die bevel gegee word nie. Die soldate het die munisipale arbeiders op 'n afstand waargeneem en dit was duidelik dat daar wel 'n onrussituasie was.

In die tussentyd het 'n sub-inspekteur van die SAP majoor Reeves meegedeel dat daar polisie in die kampong vasgekeer was. Ofskoon Reeves geen bewyse gehad het dat dit so is nie, het dit hom onder die indruk van die erns van die situasie en van die noodsaaklikheid van militêre ingryping gebring.[47]

Kort na die SLOD se aankoms het die pantserkarre, verkeerdelik, ook aan die westekant van die munisipale werkerskampong in Proesstraat, Marabastad, gearriveer. Die SAP, wat op hulle aankoms aan die oostekant gewag het, was onbewus van die gebeure aan die teenoorgestelde kant van die kampong. Die SAP getalle het intussen tot 60 polisiemanne gegroei.[48]

42 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
43 SANW Argief: War Diaries, (vol 1), Houer 69c, 31 Armd Commando.
44 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives; SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
45 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot 1943, Evidence.
46 Volgens die bronne wat geraadpleeg is, het beide majoor Reeves en majoor Duthie beveel dat elkeen van die soldate tien rondtes ammunisie moes ontvang. Hierdie optrede was strydig met militêre regulasies.
47 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
48 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence; SANW Argief: War Diaries (vol 1), Houer 69c, 31 Armd Commando.




*" Plan: Native Riots : Marabastad, 28-12-42 "*

*SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives*

Die aankoms van die pantserkarre om 22:10 het Majoor Reeves oortuig dat daar 'n amptelike versoek aan die UVM vanaf die SAP was om hulp met die onderdrukking van die onluste te verleen. Die pantserkarre en SLOD het egter onafhanklik van mekaar opgetree en dit was slegs toeval dat hulle byna gelyk by die toneel opgedaag het.[49]

Die pantserkarre het onder polisiebeheer beweeg na die massa oproeriges voor die kampong in Proesstraat en die troepe het werktuiglik aan weerskante van die pantserkarre ingeval. Die soldate is beveel om hulle bajonette aan te heg, maar geen bevel om hulle ammunisie te laai, is ontvang nie.

Luitenant Power van 31 Pantserkar Kommando het weer aangeneem dat die infanterie opdrag gehad het om saam met die pantserkarre op te tree ten einde die onluste onder beheer te bring, want hulle het feitlik onmiddellik aan weerskante van die pantserkarre ingeval.[50]

Die onderskeie groepe het dus nie met mekaar gekommunikeer of 'n gemeenskaplike plan van aksie uitgewerk voordat hulle begin optree het nie.

Die hele situasie blyk 'n misverstand te wees wat op die basis van veronderstellings berus het. Die SLOD was nie bekend met die feite van die situasie nie en was ook nie bewus van die teenwoordigheid van die SAP aan die oostekant van die kampong of hulle plan van aksie nie.

Die Regtervleuel van die SLOD het bestaan uit manskappe wat slegs geskik was om diens aan die tuisfront te verrig. Ongeveer 60 persent van die soldate van die SLOD het aktiewe diens verrig in die oorlog; die res het slegs aan die tuisfront gedien. Die Vleuel was uit lede van verskillende gevegsdienste saamgestel en het nog geen georganiseerde opleiding as 'n eenheid ontvang nie. Die SLOD het slegs gedien as 'n deurgangsdepot, waarvandaan soldate uitgeplaas is na eenhede op die tuisfront. Die troepe was dus nie goed bekend met die offisiere en onder-offisiere van die SLOD nie en die offisiere was nie seker van die vermoë van die troepe om hulself in 'n gevegsituasie te handhaaf nie. Dit was dus 'n risiko om die troepe aan te wend om 'n opstand te onderdruk. Al die offisiere het egter aktiewe diens in die Eerste of Tweede Wêreldoorlog verrig.[51]

49 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
50 SANW Argief: War Diaries (vol 1), Houer 69c, 31 Armd Commando.
51 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die pantserkarre, met hulle sirenes aan, en die soldate het stadig voortbeweeg in die rigting van die massa oproeriges. Die swart munisipale werkers was baie rumoerig en opgewonde en het stokke en kieries en ander wapens rondgeswaai. Hulle het egter geen vuurwapens in hul besit gehad nie. Dit was duidelik dat geen optrede tot sovêr hulle van hulle protes nie kon laat afsien nie.

Die blanke toeskouers, verheug oor die UVM se teenwoordigheid, het die pantserkarre en troepe toegejuig. Die toeskouers, meestal inwoners van Pretoria-Wes, was gekant teen die swart kampongbewoners en bly dat daar iets omtrent die "probleem" in hul omgewing gedoen gaan word. Hulle het ook gevrees dat die arbeiders hand-uit kon ruk. Hierdie reaksie dui op negatiewe gevoelens van blankes jeens die swart inwoners van Pretoria-Wes.

Korporaal J.P. Coetzee, 'n lid van die SLOD, maar wat nie die aand opgeroep is om saam met die troepe uit te beweeg na die onluste toe nie, was ook op die toneel teenwoordig. Op sy versoek het sersant-majoor Robinson hom toestemming verleen om saam met hulle te beweeg. Robinson het alle hulp wat hy kon kry verwelkom, want daar was ongeveer 80 soldate teen duisende oproeriges.[52]

Coetzee het met slegs 'n stok gewapen aan Robinson se regterkant, op die sypaadjie, ingeval. Meteens het enkele van die soldate, wat die agterhoede gevorm het, in die lug begin skiet, ondanks die feit dat hulle nog geen bevel ontvang het om te vuur nie. Sommige van die offisiere het onmiddellik beveel dat die skietery gestaak moet word. Waarskynlik het 'n senuweeagtige soldaat per abuis 'n skoot afgetrek het en sy gespanne en opgewonde medesoldate het sy voorbeeld gevolg.

Die oproeriges het egter nie ten aanskoue van die pantserkarre en troepe opgebreek nie en het met hulle opruiende danse en sang voortgegaan. Daar is later beweer dat hulle moontlik nie die gewapende troepe kon sien met die helder ligte van die pantserkarre wat op hulle geskyn het nie.

Volgens majoor Colborne en sersant-majoor Robinson het ongeveer ses oproeriges weggebreek van die massa en gepoog om soldate aan die suidekant van die pantserkarre af te sny van die res. Die bewering is deur Colborne gemaak dat Coetzee se houding die oproeriges se aandag getrek het.

Coetzee, wat aan die suidekant van die pantserkarre was, het ook 'n aggressiewe en dreigende houding ingeneem en volgens ooggetuies het hy op die groepie oproeriges afgestorm. Majoor Colborne het 'n swartman, met 'n blink voorwerp in sy hand, na Coetzee sien spring en het onmiddellik met sy rewolwer op die aanvaller en ander oproeriges naby Coetzee gevuur. Colborne was onder die indruk dat die aanvaller Coetzee met 'n mes wou steek. Luitenant F. Kirchman, wat op een van die pantserkarre was, het ook die aanval aanskou en het ook op die aanvaller geskiet met sy rewolwer. Majoor Colborne was oortuig dat Coetzee en van die ander troepe aan die suidekant van die pad se lewens in gevaar was en daarom kon hy dit regverdig om op die aanvaller te skiet.[53]

Volgens majoor Colborne het hy 'n bevel gegee om op die aanvaller te skiet, maar weens die rumoer het net enkele troepe die bevel gehoor. Geweervuur het losgebrand en die ander troepe het dit moontlik as 'n outomatiese teken om op al die oproeriges te begin vuur, alhoewel hulle geen bevel gehoor het nie, gesien. Baie het ook moontlik die aanval op Coetzee waargeneem en daarom het hulle op eie inisiatief op die aanvaller begin vuur.

Die geweervuur het vir ongevuur 'n minuut voorgeduur, totdat die offisiere die troepe beveel het om vuur te staak. Coetzee het met 'n wond in sy maag in 'n sloot langs die pad gelê en volgens ooggetuies nog asemgehaal. Coetzee se aanvaller was noodlottig gewond en drie liggame is naby Coetzee in 'n afvoersloot gevind.

Intussen het die pantserkarre deur die swart skare beweeg en teruggedraai, sodat hulle weswaarts gekyk het. Die swartmense het tydens die skietery voor die koeëls gevlug en ná die skietery is tien dooies en ongeveer 65 gewondes voor die ingang van die munisipalekampong gevind.[54] Daar is later vasgestel dat 55 rondtes ammunisie afgevuur is en van die gewondes is ook met bajonette gesteek.

Die ingang van die kampong was aan die noordekant van die pad en die Coetzee-insident het aan die suidekant van die pad plaasgevind. Daar is dus op die oproeriges, wat voor die ingang saamgedrom het, ook van weerskante van die pantserkarre af, geskiet.[55] Dit was duidelik dat die SLOD-lede voor die voet gevuur het en dat hulle nie oor 'n spesifieke doelwit op die aand van 28 Desember 1942 beskik het nie.

Nadat die skietery gestaak is, het die SAP, wat nog heeltyd aan die oostekant van die kampong gewag het, nadergekom en luitenant-kolonel F.J. Verster, die SAP se bevelvoerder, het die UVM versoek om langer op die toneel te bly. Hy wou waarskynlik

52 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
53 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
54 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
55 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

seker maak dat die arbeiders nie hergroepeer nie. Die SLOD het nou eers van die SAP se teenwoordigheid by die onluste bewus geword. Verster het ook gesê dat hulle teenwoordigheid tydig was, omdat die SAP 'n moeilike taak gehad het om die onluste te onderdruk. Die SAP het 'n tekort aan mannekrag ondervind en het ook nie oor voldoende vuurwapens beskik om die situasie te beheer en die onrus te onderdruk nie.

Die meeste oproeriges het na afloop van die skietery na hulle kamers in die kampong teruggekeer. Die Verdedigingsmag het tot ongeveer 11:10 die toneel gebly en daarna na hulle onderskeie basisse teruggekeer.[56] 31 Pantserkar Kommando het by Noordelike Kommandement aangemeld en gerapporteer dat die onluste onderdruk is en dat hulle geen skote geskiet het nie.[57]

In die tussentyd is Coetzee en die ander gewondes met ambulanse hospitaal toe geneem, maar Coetzee is met sy aankoms dood verklaar. In die nadoodse ondersoek is bevind dat Coetzee waarskynlik aan 'n skietwond beswyk het en nie gesteek is soos op die toneel aanvaar is nie.

Daar was groot onduidelikheid het oor die aard van die wond; Dr. H.F. Schiller, wat die nadoodse ondersoek op Coetzee uitgevoer het, was nie honderd persent seker dat dit 'n koeëlwond was nie. Die moontlikheid was egter groot dat dit 'n koeëlwond, deur 'n rewolwer soortgelyk aan die wat deur offisiere gedra word (.38), veroorsaak is. Wrywingsbrandmerke is rondom die wond gevind en die ingangswond kon met 'n sondeerstif (wat wondpeiling bepaal) met die uitgangswond verbind word. Die vae moontlikheid dat hy wel deur 'n skerp instrument gesteek is, kan egter nie geïgnoreer word nie, veral omdat geen koeël in sy liggaam of op die toneel gevind kon word nie. Dit sou die implikasie hê dat Coetzee deur een van die UVM-offisiere wat op sy aanvallers gevuur het, geskiet is.

Een-en-twintig van die oproermakers is deur koeëls getref, waarvan 16 oorlede is. Vyf-en-sestig oproeriges is vir ander geringer wonde in die hospitaal behandel en daar was moontlik ook gewondes wat nooit mediese behandeling ontvang het nie. Die meeste van die oorledenes het koeëlwonde aan die rug en sy opgedoen, wat die indruk skep dat hulle geskiet is terwyl hulle probeer vlug het.[58]

Die persoonlike sienswyse van meeste van die UVM- en polisielede wat tydens die Kommissie van Ondersoek getuig het, was dat hulle geen rede kon insien waarom daar op die oproeriges voor die ingang van die kampong gevuur is nie. Die gebruik van lewendige ammunisie vir die opbreek van die onluste is ook bevraagteken. Die stelling is telkens tydens die Kommissie van Ondersoek deur lede van die SAP en UVM gemaak, dat die oproeriges deur die teenwoordigheid van die pantserkarre en die korrekte gebruik van traangas, asook 'n knuppelaanval opgebreek kon word. Traangas is wel deur die SAP voor die aankoms van die SLOD op die toneel aangewend, maar dit het nie 'n gunstige uitwerking gehad nie.

F.J. Sinclair[59] het tydens die Kommissie van Ondersoek beweer dat die oproeriges na hulle kamers sou terugkeer as hulle met rus gelaat sou word. Hulle het slegs in die onmiddellike omgewing van die kampong in Proesstraat gebly en nie uitbeweeg om persone te beseer en eiendom te beskadig nie. Hulle wou protes deur hulle optrede aanteken en was nie daarop uit om verwoesting te saai nie.

Die SLOD het 'n gevaarlike situasie vir onskuldige omstanders en SAP aan die oostekant geskep deur op die oproeriges te vuur. Die SAP en burgerlikes moes skuiling soek toe die weermag losgebrand het en hulle lewens is dus ook in gevaar gestel. Die skietery was nie gekontroleerd nie en die troepe het in 'n rigting gevuur soos hulle goedgedink het.

Hierdie optrede op die aand van 28 Desember 1942 deur die Sentrale Leër Oorgangsdepot van die UVM het gelei tot die aanstelling van 'n Kommissie om ondersoek te doen na die gebeure in Marabastad.

## KOMMISSIE VAN ONDERSOEK

Die Verdedigingsmag se hantering van die Marabastadonluste op die aand van 28 Desember 1942 het verreikende gevolge ingehou. Die belangrikste seker die aanstelling van 'n Kommissie van Ondersoek, om ondersoek in te stel na die gebeure op die spesifieke aand in Marabastad, Pretoria.[60]

Die Administrateur van die Unie van Suid-Afrika,[61] N.J. de Wet het op 30 Desember 1942 'n Kommis-

56 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives; SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Riot Enquiry 1943, Evidence.

57 SANW Argief: War Diaries (vol 1), Houer 69c, 31 Armd Commando; SANW Argief: AG (2), Houer 75. Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

58 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

59 F.J. Sinclair was 'n inwoner van Pretoria-Wes wat die onrus op 28 Desember 1942 waargeneem het en 'n voormalige polisieman wat ondervinding gehad het met die bekamping van onluste; volgens SANW Argief, AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

60 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, Riot death roll now fourteen, *Rand Daily Mail,* 1942-12-30.

61 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives; Staatsargief, Pretoria: Argiewe van die Munisipaliteit van Pretoria (MPA), Houer MPA 6/1/1. Volgens hierdie bronne is N.J. de Wet die "... Officer Administering the Government of the Union of South Africa."

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

sie van Ondersoek onder leiding van J.M. Murray aangestel, om ondersoek in te stel na en te rapporteer oor die onlusgebeure. Die Kommissie het opdrag ontvang om alle aangeleenthede en faktore wat bygedra het tot die oproerigheid en daaropvolgende gebeure in die swart munisipale kampong in Marabastad, Pretoria, op 28 Desember 1942, te ondersoek. Hulle het ook opdrag ontvang om enige gepaste aanbevelings te maak rakende die voorval.[62] Die Kommissie se werksaamhede het op 4 Januarie 1943 'n aanvang geneem.[63]

Die Kommissie van Ondersoek het uit vier permanente lede, naamlik J.M. Murray (die voorsitter), C.E. Morris van die Departement van Justisie, senator W.T. Welsh en A.S. Welsh, bestaan. Die Kommissie het ook uit talle nie-permanente lede, wat slegs behulpsaam was met die ondervraging van getuies, bestaan. Hierdie lede het die volgende instansies verteenwoordig, naamlik die stadsraad van Pretoria, Departement van Verdediging, SAP, Departement van Arbeid, Instituut vir Rasse aangeleenthede, African National Congress, Suid-Afrikaanse Raad vir Handel en Arbeid, Raad vir Nie-Europese vakunies in Pretoria, Raad vir Nie-Europese vakunies in Johannesburg, Gesamentlike Raad vir Europiërs en Afrikane in Pretoria, "Joint Council for Europeans and Africans in Pretoria" en twee verteenwoordigers van die munisipale arbeiders van Pretoria, naamlik J.S.M. Lekgotho en I.B. Moroe.[64]

Die Eerste Minister, Smuts, het sy kommer en meegevoel oor die tragiese voorval uitgespreek en die swart gemeenskap verseker dat die saak deeglik ondersoek sou word.[65] Hierdie optrede het hewige kritiek van die nasionalistiesgesinde blankes ontlok.[66] Afrikaanse koerante, soos *Die Vaderland* en *Die Volkstem*, het die optrede van Smuts en die destydse regering veroordeel. Hulle het segregasie voorgestaan, terwyl die Engelse koerante, soos *The Guardian*, die swartmense gesteun het.[67]

## BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

Volgens die Kommissie van Ondersoek het die hele kwessie rondom die poging van die stadsraad van Pretoria om die loonvasstelling te ontduik, grootliks aanleiding gegee tot die onluste in Marabastad op 28 Desember 1942. Die munisipale werkers se staking in Johannesburg, vroeër in Desember, het ook tot die gees van onrus onder die munisipale werkers in Pretoria, bygedra.[68]

Die feit dat geld vir losies en kos afgetrek gaan word volgens die bepalinge van die loonvasstelling het volgens die Kommissie, ook tot ongelukkigheid onder die werkers bygedra. Die vae versekerings van die stadsraad dat hulle volgens die vasstelling betaal gaan word, het tot groter frustrasie gelei.[69] Die Kommissie het ook bevind dat die onnodige duplikasie van die vergaderings op 28 Desember 1942 die arbeiders wantrouig gemaak het.[70]

Daar is ook bevind dat Hardy, die superintendent van lokasies, 'n oordeelsfout begaan het om 'n tweede vergadering byeen te roep, ondanks waarskuwings dat dit gevaar ingehou het. Sy optrede het aanleiding gegee tot die uitbarsting van emosies op die aand van 28 Desember 1942 onder die swart munisipale werkers in Marabastad.

Geen bewyse kon gevind word dat die arbeiders deur 'n agitator opgesteek is om tot geweld oor te gaan nie. Daar kon ook nie vasgestel word of die arbeiders oor 'n definitiewe plan van aksie beskik het nie. Die Kommissie het bevind dat die oproeriges aangespoor is deur massa opwinding te same met 'n gees van wetteloosheid.

Die Kommissie van Ondersoek het aanbeveel dat swart munisipale werkers verteenwoordiging op die stadsraad moet kry in die vorm van 'n swart munisipale werker. Die stadsraad van Pretoria moes so gou moontlik lone volgens die nuwe skaal aan die werkers uitbetaal. Die stadsraad van Pretoria moes ook spoedig 'n besluit neem oor die verskuiwing van die kampong en hostel uit die Pretoria-Wes omgewing.[71]

Die Kommissie het bevind dat die SAP nie vir die tragedie geblameer kon word nie. Hulle het korrek volgens onlusprosedures opgetree.[72]

Wat die optrede van die UVM betref het die Kommissie 'n moeilike taak gehad. Hulle moes bepaal

62 Volgens die bronne wat geraadpleeg is, is dit nie duidelik presies wat se aanbevelings die Kommissie moes maak nie.

63 Staatsargief, Pretoria: Argiewe van die Unie van Suid-Afrika se Uitvoerende Raad (URU), Houer 175-2073; Staatsargief, Pretoria: MPA, Houer MPA 6/1/1.

64 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

65 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7682(18).

66 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, 'n Nuwe front tuis, *Die Vaderland,* 1942-12-29.

67 Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, 'n Nuwe front tuis, *Die Vaderland,* 1942-12-29; Kwaai geveg met kampong kaffers, *Die Volkstem,* 1942-12-29; The ban on strikes, *The Guardian,* 1942.

68 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

69 Staatsargief, Pretoria: Argiewe van die kantoor van die Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika (GG), Houer 3/5838 268.

70 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

71 Staatsargief, Pretoria: MPA, Houer 6/1/1; Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

72 Staatsargief, Pretoria: MPA, Houer 6/1/1.

of die UVM verantwoordelik gehou kon word vir die tragedie op die aand van 28 Desember 1942. Volgens wetgewing, wat reeds vroeër in die artikel bespreek is, was die teenwoordigheid van die SLOD juis gewees. Die Kommissie moes dus beslis of die SLOD korrek opgetree het deur te vuur op die oproeriges.

Die Kommissie het bevind dat daar 'n risiko verbonde was aan die gebruik van SLOD-lede vir die bekamping van onluste omdat hulle nie as eenheid opgelei was om só 'n situasie te kon hanteer nie. Die troepe het ook 'n gebrek aan dissipline openbaar, want hulle het begin skiet sonder 'n bevel.

Die Kommissie het voorgestel dat die spesifieke soldate wat gevuur het, ondersoek moes word, maar het ook besef dat dit 'n onbegonne taak was om diesulkes uit te wys. Die skuldiges kon nie met sukses vervolg word nie.

Die Kommissie van Ondersoek was van mening dat dit tipies van die houding van gewapende soldate was om te skiet omdat die ander soldate ook skiet. Hulle word meegevoer deur die opwinding van die oomblik en skiet blindelings en sonder enige bevele. Die Kommissie het tot die gevolgtrekking gekom nadat hulle die beëdigde verklaring van korporaal L.W. Ohlsson bestudeer het. Volgens Ohlsson was hy gespanne en opgewonde en het hy ook begin vuur op die swartmense toe almal begin skiet het. Hy erken dat hy slegs geskiet het omdat die ander soldate ook geskiet het, ondanks die feit dat hyself geen bevel om te vuur gehoor het nie.[73]

Die Kommissie het verder bevind dat die aanval op Coetzee 'n noodsituasie geskep het wat onmiddellike optrede vereis het. 'n Soldaat wat in só 'n geval optree is geregtig om te skiet sonder die bevele van 'n senior offisier. Die skietery op Coetzee se aanvaller kon dus geregverdig word, al het dit plaasgevind sonder 'n voorafgaande bevel.

Daar is bevind dat die skietery op die oproeriges, noord van die Coetzee-insident, en ook die groepie oproeriges wat saam met Coetzee se aanvaller weggebreek het, onnodig en ongeoorloof was. Daar het geen situasie onstaan wat sulke drastiese optrede vereis het nie. Daar is ook bevind dat daar op die oproeriges gevuur is, terwyl hulle gepoog het om voor die aankomende soldate en pantserkarre te vlug.[74]

Die Kommissie het ook bevind dat die skietery op Coetzee se aanvaller nie die ander soldate *carte blance* gegee het om ook op die vlugtelende oproeriges te vuur nie. Die argument dat die troepe die skote as 'n outomatiese bevel om te vuur aanvaar het, kan dus nie aangevoer word as rede waarom hulle ook op die arbeiders begin skiet het nie. Soldate in 'n onlussituasie kan nie willekeurig sonder bevele op oproeriges vuur nie.

Die Kommissie-lede het ook aangevoer dat majoor Reeves van die SLOD 'n ernstige oordeelsfout begaan het om gewapende troepe in die onlussituasie in te lei; veral omdat hy nie met die polisie wat met die voorval moes handel, vooraf gekonsulteer het nie. Hy is nie deur die SAP versoek om tot die situasie toe te tree nie en hy het ook oor geen kennis beskik oor wat die situasie behels nie.[75]

Die Kommissie van Ondersoek het bevind dat die Militêre Kode en die Staande Orders van die UVM geen duidelike riglyne bevat het oor wat die pligte van bevelvoerders, wanneer hulle genader word om met die onderdrukking van onluste behulpsaam te wees, behels nie.

Die Kommissie het dus aanbeveel dat duidelike en volledige riglyne in die Militêre Kode en Staande Orders vervat word oor die bepaalde prosedure wat deur 'n offisier gevolg moes word wanneer hy versoek word om by 'n onlussituasie betrokke te raak. Só 'n prosedure moes voorsiening maak vir konsultering tussen senior SAP- en Verdedigingsmaglede oor die plan van optrede. Die verantwoordelikhede van die offisiere en ander range moes ook duidelik uiteengesit word. Die aanwending van die minimum mag wat noodsaaklik was om die onluste te onderdruk, moes beklemtoon word, asook die feit dat wapens slegs as laaste uitweg aangewend mag word.[76]

Volgens die Kommissie het die skietery op die munisipale werkers sonder 'n bevel plaasgevind en slegs die Coetzee-insident het die vuur van wapens genoodsaak. Die Kommissie van Ondersoek het voorts aanbeveel dat die Departement van Verdediging kompensasie aan die afhanklikes van die oorledenes asook aan diegene wat permanente skade as gevolg van koeëlwonde opgedoen het, uitbetaal. Die Kommissie het met die maak van dié aanbeveling dit nie uit die oog verloor dat die munisipalewerkers deelnemers aan 'n onwettige en oproerige byeenkoms was nie.[77]

73 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
74 Staatsargief, Pretoria: MPA, Houer 6/1/1; Staatsargief, Pretoria: GG, Houer 3/5838 268.
75 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
76 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives; Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681. Volgens die bronne tot die navorser se beskikking, kon dit nie vasgestel word of die aanbevelings wel deur die UVM geïmplementeer is nie.
77 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7681.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Die UVM het dié aanbeveling aanvaar en besluit om kompensasie aan die afhanklikes van die oorledenes en aan diegene wat permanente skade opgedoen het, te betaal as 'n gebaar van welwillendheid. Die UVM het egter geen aanspreeklikheid vir die gebeure aanvaar nie. Die Departement van Finansies het die uitbetaling van 'n eenmalige bedrag aan die afhanklikes van oorledenes en beseerdes behartig.[78]

Die Verdedigingsmag het ook bevind dat majoor Reeves slegs aan 'n ernstige oordeelsfout skuldig was en dat die feite van die situasie van so aard was dat geen disiplinêre stappe teen hom geneem kon word nie. Die soldate wat op die werkers gevuur het, kon nie geïdentifiseer word nie en gevolglik kon hulle nie vervolg word nie.[79] Geen stappe is dus deur die Hoofkwartier van die UVM teen die onderskeie soldate wat vir die Marabastad tragedie verantwoordelik was, geneem nie.

## SLOT EN GEVOLGTREKKING

Die onluste onder die swart munisipale werkers van Marabastad was as gevolg van blanke nalatigheid ten opsigte van die politiese, ekonomiese en maatskaplike welstand van die swartmense in Suid-Afrika. Dié onluste sou een van vele wees waardeur die swartmense in Suid-Afrika hulle protes teen blanke dominasie na vore sou bring.

Die Marabastadonluste van die swart munisipale werkers op 28 Desember 1942 het spontaan uitgebreek. Daar was geen agitator teenwoordig wat hulle tot oproermakery aangehits het nie. Die uitbreek van die oproer was ook as gevolg van die sielkundige effek wat massa emosie *"Mob psychology"* op die arbeiders gehad het; dit wil sê 'n persoon neem aan aktiwiteite deel omdat hy deur die emosie wat deur die massa gegenereer word, meegesleur word.[80]

Dit was duidelik dat die swart werkers die stadsraad van Pretoria glad nie vertrou het nie en ook met reg, want die stadsraad het telkens beloftes gemaak wat hulle nooit nagekom het nie. Hardy se ongewildheid onder die swartmense het ook tot groter oproer gelei.

Volgens die swart werkers het die stadsraad gepoog om "*'n kombers oor hulle oë te trek*,"[81] en nie die geld aan hulle uit te betaal nie. Baie van die arbeiders was ook onder die indruk dat Hardy moontlik hulle lone in sy motor saamgebring het en hulle wou hom volg en dwing om dit aan hulle te oorhandig. Die arbeiders was oningelig oor die omstandighede rondom die loonuitbetaling, want hulle het nie oor verteenwoordiging in die Naturelle Advieskomitee of in vakbonde beskik nie en daarom het hulle baie naïef opgetree op die aand van die onluste.

Die vraag kan ook gevra word of die swart werkers werklik so 'n groot gevaar vir die veiligheid van die inwoners van Pretoria -Wes ingehou het? Hulle het oor die vermoë beskik om die klein groepie SAP-lede (voor militêre ingryping) dood te maak, sowel as vir Hardy en Botes as hulle regtig wou. Dit word dus betwyfel of die arbeiders werklik iemand wou doodmaak; hulle wou slegs aan hulle ongelukkigheid ten opsigte van die loonkwessie uiting gee.

Die Marabastadonluste het ook daartoe aanleiding gegee dat sekere leemtes in die Unieverdedigingsmag se bepalings ten opsigte van die onderdrukking van siviele onluste uitgewys is. Die Kommissie van Ondersoek het verskeie aanbevelings ten opsigte van die beleid van die UVM gemaak en hulle sterk uitgespreek teen die primêre gebruik van vuurwapens deur die UVM om veral swart onluste te onderdruk.

Die UVM het nie die korrekte prosedure gevolg wat neergelê word by die onderdrukking van onluste nie. Hulle het nooit met die oproeriges kommunikeer nie en hulle is ook nie gewaarsku dat daar op hulle gevuur gaan word as hulle nie gehoor gee aan versoeke om die onluste te staak nie.[82] Die optrede wat slegs as laaste uitkoms aangewend mag word in 'n geval van onluste, is eerste gebruik.

Die geweldadige optrede van die Verdedigingsmag op die aand van 28 Desember 1942 dui ook op die destydse algemene onverskilligheid van blankes teenoor swartmense. Die uitspraak is telkens deur persone wat voor die Kommissie van Ondersoek getuig het, gemaak dat die soldate nie sou geskiet het as die oproeriges blank was nie. Die tydsgees van sogenaamde blanke superioriteit word dus weerspieël in die optrede van die SLOD.

Die arbeiders se geduld met die stadsraad van Pretoria oor die kwessie van verhoogde lone het breekpunt bereik op die aand van 28 Desember 1942 en dit het tot die Unieverdedigingsmag se ingryping gelei.

78 Staatsargief, Pretoria: NTS, Houer 169/332 7682(18); Staatsargief, Pretoria: Argiewe van die Tesourie, Kommissies en Komitees, Houer F33/389 5419.
79 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.
80 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1942, Evidence.
81 SANW Argief: AG (2), Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence.
82 SANW Argief: AG (2), Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 26, Nr 1, 1996. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BRONNE


## PRIMÊRE BRONNE

### DOKUMENTASIEDIENS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG, PRETORIA

ARGIEF VAN DIE ADJUDANT GENERAAL, GROEP 2, AG Houer 75, Lêer 196/4328, Court of Enquiry; Riot: Marabastad Location Municipal Natives, 1943.

AG Houer 84, Pretoria Municipal Native Compound Riot Enquiry 1943, Evidence, 1943.

WAR DIARIES
Houer 69c, 31 Armd Commando, 1942.

### STAATSARGIEF, PRETORIA

ARGIEF VAN DIE KANTOOR VAN DIE GOEWERNEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA
GG 3/5838 268 Judicial Commission of Enquiry, Pretoria Municipal Riot of 28th Dec 1942, 1943.

ARGIEF VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN PRETORIA
MPA 6/1/1 Judicial Commission of Enquiry, Pretoria Municipal Riot of 28th December 1942, 1943.

ARGIEF VAN DIE DEPARTEMENT VAN NATURELLE SAKE
NTS 169/332 7681 Judicial Commission of Enquiry. Pretoria Municipal Riot of 28th Dec. 1942, 1943.

NTS 169/332 7682 (18) Compensation, 1943.

ARGIEF VAN DIE TESOURIE
TES F33/389 5419 Commissions and Committees, 1944.

ARGIEF VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA SE UITVOERENDE RAAD
URU 175-2073 Office of the Prime Minister, Dec 1942.

## SEKONDÊRE BRONNE

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Hersiene wette van die Unie van Suid-Afrika, Deel 1 1910-1912*. Pretoria, 1935.

UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1940-1941 met tabelle, inhoud en wette herroep of gewysig.* Kaapstad, 1941.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, The ban on strikes. *The Guardian*, 1942.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, *Pretoria News,* 1942-12-29.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, Wage determination, Minister agrees to consider exemptions. *Rand Daily Mail,* 1942-11-25.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, War Measures Act 9 of 1942. *Rand Daily Mail,* 1942-12-19.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, Riot death roll now fourteen. *Rand Daily Mail,* 1942-12-30.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, 'n Nuwe front tuis. *Die Vaderland,* 1942-12-29.

Staatsbiblioteek, Pretoria: Koerantversameling, Kwaai geveg met kampong kaffers. *Die Volkstem,* 1942-12-29.

DAVENPORT, T.R.H., *South Africa, A modern history.* London, 1977.

HELLMANN, E. (ed.). *Handbook on race relations in South Africa.* Cape Town, 1949.

MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria, 1968.

ROUX, E., *Time Longer than Rope. A History of the black man's struggle for freedom in South Africa.* Wisconsin, 1948.

VAN JAARSVELD, F.A., *Van Van Riebeeck tot PW Botha, 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.* Johannesburg, 1969.